# WAT IS DIE MEDISYNE-ONKOSTE VAN 'N DISTRIKSGENEESHEER

As gevolg van vertoë deur die Distriksgeneeshere-Groep van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika tot die Departement van Volksgesondheid gerig, om beter besoldiging vir sekere dienste, veral wat medisyne-toelaes betref, het die volgende vrae wel ontstaan:

1. Wat is die goedkoopste wat 'n Distriksgeneesheer sy pasiënte kan behandel sonder om doeltreffendheid van behandeling prys te gee?

2. Is die medisyne-toelaes verbonde aan die verskillende Distriksgeneesheerposte voldoende, al dan nie?

Om die eerste vraag te beantwoord is dit nodig om te bepaal wat onder doeltreffende behandeling verstaan word. 'n Vraag waaroor die mees uiteenlopende opinies bestaan en wat afhang van die oogpunt waaruit die geneesheer die beoefening van mediese praktyk beskou. Byvoorbeeld: 'n pasiënt ly aan 'n gewone verkoue met 'n toe, waterende neus, 'n dikkop-gevoel en geen verhoogde temperatuur of positiewe kliniese tekens in die longe nie. Die een geneesheer sal die pasiënt gerusstel oor sy toestand, hom 'n paar A.P.D.-tablette voorskryf en die pasiënt is oor drie dae beter. Dit kos die pasient 15-17/-.

'n Ander geneesheer het miskien 'n bietjie meer sin vir sy eie finansies as vir dié van sy pasiënt, en neem die feit in ag dat hoe groter die bohaai oor die pasiënt hoe meer die pasiënt se ego gestreel word. Indien die pasiënt dan, ten spyte van die bemoeiing van die geneesheer van sy ernstige siekbed herstel, loop hy gevaar om 'n koronêr te ontwikkel as hy sy rekening ontvang, maar bly hy nietemin die geneesheer dankbaar dat hy sy lewe gered het. Doeltreffende behandeling vir die gewone verkoue soos deur laasgenoemde geneesheer toegepas, behels:

1. 'n Langdurige kliniese ondersoek.

2. Die stelling van die pasiënt se toestand as 'n uiters akute infeksie van die lugweë met sekerlik 'n ‚kol op die long'.

3. Die onmiddelike toediening van 'n antibiotiese inspuiting.

4. Die voorskryf van verdere antibiotika per os.

5. Voorskryf van neusdruppels.

6. Voorskryf van een of ander asetielsalisielsuur-preparaat.

7. Voorskryf van vitamine.

8. Moontlik 2 of 3 herhaalbesoeke met of sonder inspuitings.

Uit die oogpunt van die Distriksgeneesheer waar besuiniging in voorskrifte noodsaaklik is, waar die tydfaktor belangrik is, en waar persoonlike prestige by die pasient nie veel tel nie, beskou ek die volgende vereistes as prakties vir 'doeltreffende behandeling'.

1. Die vasstel van die oorsaak van die siekte.

2. Behandeling van daardie oorsaak met die goedkoopste middel wat 'n doeltreffende uitwerking op die siekte-proses het.

Met bogenoemde as grondslag is daar in 'n groot Distriksgeneesheerpraktyk te werk gegaan en boekgehou van die medisynes wat aan elke pasiënt verskaf is.

Alle ‚voorraad'-mengsels word self opgemaak en nie klaar gekoop nie. Die koste is bereken tot die naaste ¼ pennie vir die werklike medisyne in elke voorskrif, volgens die prys wat aptekers vir die galeniese preparate vra. Die koste van bottels, proppe en etikette is ook bygereken.

Die onkoste van spesiale preparate wat van die Departement van Volksgesondheid verhaalbaar is, is buite rekening gelaat.

Die volgende analise van gevalle behels, wat hierdie verslag betref, die maand November 1955, wat 'n baie gemiddelde maand was met geen groot epidemies van enteritis of influenza, longontsteking ens. nie:

| | |
|---|---|
| Getal gevalle gesien in dorp | 510 nie-blankes |
| Distrik .. .. .. | 215 nie-blankes |
| ,, | 110 blankes |
| Totaal: .. .. .. | 835 |

Hierdie syfer sluit geensins roetinegevalle van sifilis of tering ens. in nie, ook nie personeel van die polisiemag of van die twee gevangenisse nie. Dit is slegs gevalle wat met gewone siektes na die spreekkamer vir ondersoek en medisyne kom.

Getal voorskrifte opgemaak en uitgereik in hierdie groep—685.

Die pasiënte kan min of meer in drie groepe gedeel word:

(*a*) Diegene wat hospitalisasie of spesiale behandeling nodig het. Hulle val buite die reeks vir koste-berekening.

(*b*) Die ernstige siekes wat gewone sowel as spesiale middele nodig het; hulle val gedeeltelik in die groep.

(*c*) Die kroniese siekes, lammes en luies. Hulle behels die groep. Hulle is die oorsaak van ontevredenheid en bly self steeds ontevrede. Hulle is die oorsaak ook van die grootste onkoste vir dokter en staat. Hulle eis medisyne vir siektes wat nie bestaan en nie gediagnoseer kan word nie. Hulle word merendeels met 'n troos van 'n paar aspirin-tablette weggestuur.

Soos voorheen gemeld is die empiriese formules in gebruik en hulle werk in die meeste gevalle doeltreffend.

Die verskillende hoofgroepe is voorgeskryf soos in die volgende tabel:

| | *Getal voorskrifte* | *Onkoste per voorskrif* | *Totaal* £ s. d. |
|---|---|---|---|
| Mist. Alb. .. .. | 76 | 8d. | 2 10 8 |
| Mist. Sodii Salisiel. .. | 63 | 11½d. | 3 0 4½ |
| Mist. Pot. Cit. .. .. | 14 | 9d. | 10 6 |
| Mist. Cretae .. .. | 46 | 15d. | 2 17 6 |
| Mist. Exp. Stim. .. | 31 | 12d. | 1 11 0 |
| Mist. Exp. Sed. .. | 26 | 12d. | 1 11 0 |
| Mist. Carmin. .. | 5 | 5d. | 2 1 |
| Mist. Pot. Brom. et Tr. Digit. .. .. | 14 | 9d. | 10 6 |
| Mist. Sulfonamide .. | 25 | 8½d. | 17 8½ |
| Mist. Ferri et Ammon. Cit. .. .. .. | 42 | 13d. | 2 5 6 |
| Tab. Ac. Asetiel Sal. | 55 | 3½d. | 16 0½ |
| Tab. A.P.C. .. .. | 24 | 9d. | 18 0 |
| Tab. Sulfonamide .. | 25 | 7½d. | 15 7½ |
| Tab. Brewers' Yeast .. | 40 | 6½d. | 1 1 8 |
| Tab. A.P.D. .. .. | 38 | 9d. | 1 8 6 |
| Pill Aperient .. .. | 42 | 13d. | 2 5 6 |
| Ung. Meth. Sal. .. | 16 | 8d. | 10 8 |
| Ung. Sulfonamide .. | 13 | 6d. | 6 6 |
| Ung. Sulfuris .. .. | 3 | 5d. | 1 3 |
| Gemengd .. .. | 87 | 7d. | 2 10 9 |
| Totaal: .. .. | 685 | 9·45 Gem. | 26 11 4 |

Hierdie berekening van pryse is slegs vir die materiaal teen kosprys. Daar is geen voorsiening bygereken vir tyd in verband met die aanmaak van voorraadmengsels of die opmaak van verskillende voorskrifte nie.

Die gemiddelde prys van materiaal per voorskrif werk uit op 9·45 pennies.

Die tydfaktor om die mengsels aan te maak en in bottels op te maak, en om etikette met voorskrifte te skryf en aan te plak, is min of meer as volg:

Om die bestanddele vir 'n Winchester (80 onse) uit te meet en te vul neem, teen 'n vinnige spoed bereken, gemiddeld 20 minute. Om tien bottels te vul en te merk, 10 minute. Dit wil sê, 30 minute om 10 bottels op te maak. As die tydberekening volgens die loonskaal van die Departement van Volksgesondheid geskied, naamlik £1 0s. 0d. per uur, beteken dit 1/- per bottel aan arbeid.

Die opmaak van tablette en salf neem gemiddeld 2 minute vir die uittel, in 'n houer sit en die skryf van 'n voorskrif op die houer. Teen dieselfde tarief van £1 0s. 0d. per uur bereken, werk dit uit op elf uur en veertien minute om die 337 voorskrifte op te maak, dit is bereken tot die naaste pond.

'n Minimum medisyne-toelaag in die betrokke geval behoort dan as volg te wees:

| | |
|---|---|
| Koste van materiaal .. .. .. .. | £26 11 4 |
| Tyd van opmaak—348 mengsels @ 1/- elk .. | 17 8 0 |
| Tyd van opmaak, 337 voorskrifte vir tablette en salf @ 2 minute per voorskrif .. .. | 11 0 0 |
| | £54 19 4 |

Dit wil sê as 'n redelike medisyne-toelaag vir die betrokke Distriksgeneesheersdienste betaal word, behoort dit 'n minimum van £54 19s. 4d. te wees.

Die werklike medisyne-toelaag was £12 10s. 0d. per maand, dit wil sê £150 per jaar.